



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

## Radiografie 380 (RAW 380)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Fakulteit</b>	<a href="#">Fakulteit Gesondheidswetenskappe</a>
<b>Modulekrediete</b>	52.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BRad Diagnostiek</a>
<b>Voorvereistes</b>	FSG 251,FSG 252,FSG 262,GNK 286,RAN 280,RAW 281,RAW 282,RAW 283,RGB 281,RFI 210
<b>Kontaktyd</b>	1 seminar per week, 4 besprekingsklasse per week, 1 lesing per week
<b>Onderrigtaal</b>	Dubbelmedium
<b>Akademiese organisasie</b>	Radiografie
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

### Module-inhoud

Kardiovaskulêre stelsel: Beeldingsapparaat: laserbeelding en droë laserbeelding. Konstruksie, funksionering en films. Digitale subtraksie-angiografie en beeldmanipulasie, besigtigingsvaslegging en stoor van beelde. Beginsels en apparaatoorwegings vir kardio-angiografie en angiografie. Selektiewe angiografie. Intervensietegnieke (vaskulêr en nievaskulêr). Venografie. Seldingertegniek, kontrasmiddels, medikasie, kateters, gidsdrade en bykomstighede. Gehalteversekering en gehaltebeheer. Pasiëntsorg. Medies-geregtelike aspekte. Navorsing. Gevallestudies. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Kliniese evaluering van uitskeidingsurogram wat teoreties in die tweede jaar behandel is. Mammografie: Inleiding en sagteweefsel-radiografie. Kommunikasie en gesondheidsbevordering. Medies-geregtelike aspekte. Hantering van borspatologie, pasiëntsorg en behandelingsopsies. Mammografie-apparaat. Stralingsveiligheid en blootstellingsfaktore. Beeldreseptore. Prosekeringsvereistes. Posisioneringsbeginsels en spesiale prosedures. Sistematiese evaluering van beelde. Verskillende modaliteite of aparate om die mamma te demonstree. Gehalteversekering en gehaltebeheer. Gevallestudies. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Histerosalpingografie: Besprekingsprosedures, pasiënt-radiograaf-verhouding, prosedure-oorewegings en evalueringkriteria. Patroonherkenning. Beëdigtheid: Beginsels, beenbiologie en -vorming, osteoporose, kernvaardighede vir radiograwe, fisiese beginsels van dubbel X-straalabsorpsiemeting en ander beëdigtheidsmetingtegnieke. Kliniese ervaring. Ultraklank: Algemene beginsels. Kliniese ervaring. Rekenaartomografie: Beeldingsbeginsels – konvensioneel en spiraal. Faktore wat die beeldgehalte beïnvloed. Kontrasmiddels. Protokol vir verskillende ondersoeke. Pasiëntsorg. Gevallestudie. Navorsing. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Magnetiese resonansie: Beeldingsbeginsels en beeldeienskappe. Kontrasmiddels. Protokol vir verskillende ondersoeke. Pasiëntsorg. Kliniese ervaring. Miëlografie. Navorsingsprojek. Kliniese evaluering en filmevaluering wat teoreties behandel is in die eerste en tweede jaar.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word..



Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.